Publication: Beeld,Daily (SakeNuus)
Pub date: 7/3/2015 1
Page: 14
AVE: 18263.04
Circulation: 59831
Part: 1 of 1

Griekse vakansie? Neem baie kontant

As jy beplan om binnekort op 'n Griekse eiland te gaan uitspan, maak seker jy neem ekstra kontant saam.

Die Vereniging van Suider-Afrikaanse Reisagente (Asata) het toeriste Donderdag aangemoedig om reeds in Suid-Afrika hul rande vir euro's te wissel.

Banke in Griekeland is sedert Maandag gesluit en burgers mag nie meer as €60 per dag onttrek nie.

"Die limiet geld nie mense wat internasionale bankkaarte gebruik nie. Dit blyk egter sommige kitsbanke het reeds leeggeloop en het nie meer kontant nie," het Otto de Vries, bedryfshoof van Asata, gewaarsku.

"Neem ekstra voorsorg as jy kontant by jou dra in Griekeland."

Die finansiële krisis blyk egter nie Suid-Afrikaanse toeriste af te skrik nie, meen Daniella Theron, reisagent van Pentravel in die Tygervallei-winkelsentrum in Bellville.

"Ons bespreek nog elke dag vir toeriste kaartjies en toere na Griekeland. Ons kry nie die indruk dat dit mense vreeslik pla nie." – **Anika Marais**

Printed with permission by PressReader
PressReader.com + +1 604 278 4604

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.